

Moenie kortpad vat met testamente nie

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Nico van Gijsen

Ek staan soms verstom oor die onnoselhede wat mense aanvang met hul finansiële beplanning, spesifiek die opstel van 'n testament. Die getal navrae wat ek deur my rubrieke hieroor kry, is onrusbarend. Ongelukkig meesal ook te laat om te kan help, want die oorsaak van die probleem is dan al daar waar niemand hom kan bykom nie. Seker ook maar goed, want met al die trane, familietwis en onnodige geldverkwisting soos wat ek al gesien het, sou hy dalk 'n tweede keer die emmer wou skop.

Kom ons gee 'n bietjie konteks aan my opmerkings hier deur 'n voorbeeld. Ek doen dit aan die hand van 'n uitspraak verlede week in die hooggeregshof in Kaapstad. Die feite voor die hof was kortliks: Die oorledene het in 2006 'n testament opgestel waarin hy sy boedel aan sy vrou nalat. In 2011 is hulle geskei.

Toe, in Januarie 2016, "bemaak" hy sy boedel aan 'n nuwe liefde met wie hy op trou gestaan het - in 'n e-pos aan haar. Hy is later daardie jaar dood. Nuwe liefde is hof toe om die 2006-testament ongeldig te verklaar en om die e-pos van 2016 as sy testament aanvaar te kry.

Die Wet op Testamente (7 van 1953) stel sekere vereistes vir die opstel van 'n testament. Die wet skryf voor wie 'n testament kan opstel, hoe dit onderteken moet word, wie as getuies kan teken en so meer. En die meester van die hof moet toesien dat dit nagekom is voordat hy 'n testament kan aanvaar. Maar die wet laat toe vir die ouens wat kortpaaie vat met

hierdie belangrike dokument en daarom bepaal art. 2(3) dat waar 'n dokument nie aan die vereistes van die wet voldoen nie - en die meester dit verwerp - 'n hof kan beslis dat die andersins ongeldige dokument as testament deur die meester aanvaar moet word.

Daar is twee belangrike vereistes vir 'n hof om so 'n beslissing te maak. Eerstens moet die hof seker wees dat die dokument opgestel is deur die oorledene en tweedens dat die oorledene die bedoeling moes gehad het dat dit sy laaste en finale testament is.

Die hof het aanvaar dat dit aan die eerste vereiste voldoen. Dit is deur die oorledene opgestel. Oor die tweede vereiste het die hof anders gevoel en die aansoek is van die hand gewys. Van belang hier is dat die hof van mening was dat hoewel die oorledene dalk die bedoeling gehad het om die applikant (nuwe liefde) sy begunstigde te maak in 'n testament, die e-pos bloot 'n manier was om haar te verseker dat hy beoog om haar 'n begunstigde te maak. Die les vir ons? Van uitstel kom...

Dit laat my dink aan 'n kollega se ervaring een aand aan huis van 'n boer. Net toe hy groet om te loop, vra die boer se vrou of my kollega net gou wil kyk of haar man se testament in orde is. My kollega is nie toegelaat om te loop nie. Hy moes daar en dan vir die boer 'n nuwe testament opstel. Die rede? Al sy bates was toe nog bemaak aan 'n verloofde van 16 jaar tevore.

Jou finansiële beplanning is belangrik. Gee betyds die nodige aandag daaraan. 'n Hof gaan nie vir jou 'n testament opstel nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**